# GRONDWET

# VAN DIE

# TULIBEESTELERSGENOOTSKAP

# VAN SUID AFRIKA

Tuli
Fertile, Profitable Veld Cattle
Vrugbare, Winsgewende Veldbees

# INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| **WOORDOMSKYWING** | | 4 |
| **KLOUSULES** | | |
| 1. | Naam van die Genootskap | 7 |
| 2. | Doelstellings | 7 |
| 3. | Magte van die Genootskap | 7 |
| 4. | Lidmaatskap | 8 |
| | 4.1 Verkiesbaarheid | 8 |
| | 4.2 Indeling van Lidmaatskap | 8 |
| | 4.2.1 Gewone Lede | 8 |
| | 4.2.2 Lewenslange Erelede | 8 |
| | 4.2.3 Junior Lede | 8 |
| | 4.3 Aansoek om Lidmaatskap | 9 |
| | 4.4 Regte en Voorregte van Lede | 9 |
| | 4.5 Maatskappy, Private Maatskappy, Vennootskap of ander Regspersoon | 9 |
| 5. | Ledegelde en Gelde | 10 |
| 6. | Bedankings, Opskortings en Skorsing van Lede | 11 |
| 7. | Persoonlike inligting en Register van Lede | 12 |
| 8. | Bestuur | 13 |
| | 8.1 Samestelling en Verkiesing van die Raad | 13 |
| | 8.2 Metode van Verkiesing | 13 |
| | 8.3 Addisionele Raadslede | 13 |
| | 8.7 Uitvoerende Komitee | 14 |
| 9. | Magte en Pligte van die Raad | 14 |
| 10. | Vergaderings | 16 |
| | 10.1 Uitvoerende Komiteevergaderings | 16 |
| | 10.2 Raadsvergaderings | 17 |
| | 10.3 Algemene Vergaderings | 17 |
| | 10.4 Voorsitter by Vergaderings | 18 |
| | 10.5 Neem van Besluite | 18 |
| | 10.6 Metode van Stemming | 18 |
| | 10.7 Ongeldigheid van Besluite | 18 |
| | 10.8 Kworums | 19 |
| | 10.9 Notules van Vergaderings | 19 |
| 11. | Finansiële Bepalings | 19 |
| 12. | Affiliasies | 20 |
| 13. | Grondwetlike Wysigings | 20 |
| 14. | Kantoor van die Genootskap | 20 |
| 15. | Ontbinding van die Genootskap | 20 |
| 16. | Vrywaring | 21 |
| 17. | Werknemers van die Genootskap | 21 |
| 18. | Oordrag van Bevoegdhede | 21 |
| 19. | Nie-lede | 21 |
| 20. | Outentieke Lesing van hierdie Grondwet | 21 |

# VERORDENINGE

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Kuddeboek | 22 |
| | 1.1 Algemeen | 22 |
| | 1.2 Basiese Register | 22 |
| | 1.3 Hulpstamboekafdeling | 22 |
| | 1.3.1 Hulpstamboek A | 22 |
| | 1.3.2 Hulpstamboek B | 23 |
| | 1.4 Volgeregistreerde-afdeling van die Kuddeboek (SP) | 23 |
| 2. | Voorvoegsel en Kuddekenmerk | 23 |
| 3. | Identifikasie | 23 |
| 4. | Name | 24 |
| 5. | Dekking- en Insemineringsertifikate en Gesamentlike Besit van Bulle | 24 |
| 6. | Reëls met betrekking tot kunsmatige Inseminering | 25 |
| 7. | Reëls met betrekking tot Embrio-oorplasings | 26 |
| 8. | Dragtigheid- en Interkalfperiodes | 27 |
| 9. | Kennisgewing van Geboorte en Aansoek om Aantekening of Registrasie | 27 |
| 10. | Bevestiging van Ouerskap | 27 |
| 11. | Vereistes vir Aantekening of Registrasie | 28 |
| | 11.1 Algemeen | 28 |
| | 11.2 Ingevoerde Diere | 28 |
| | 11.3 Ingevoerde Semen en Eiselle | 29 |
| 12. | Inspeksie- en produksievereistes | 29 |
| | 12.1 Minimum Ras- en Produksiestandaarde | 29 |
| | 12.2 Inspeksie en Pligte van Inspekteurs | 30 |
| 13. | Aantekening- of Registrasiesertifikate | 31 |
| | 13.1 Uitreiking van Sertifikate | 31 |
| | 13.3 Kansellering van ‘n Aantekening of Registrasie en Herinstelling van Diere | 31 |
| 14. | Oordragte | 32 |
| 15. | Weiering van Aansoeke | 33 |
| 16. | Invoer en Uitvoer van Diere, Semen en Eiselle | 33 |


# BYLAES


Bylae A – Ras- en Produksiestandaarde
Bylae B – Gedragskodes (Lede, Inspekteurs en Raadslede)

# WOORDOMSKRYWING

1. Wanneer dit in hierdie Grondwet en verordeninge gebruik word, en 'n strydige bedoeling nie duidelik uit die verband blyk nie, beteken:

   (a) 'aantekening', die opneem van die besonderhede van 'n dier op die databasis;

   (b) 'Departement', die Departement of Departemente gemoeid met die administrasie van die Wet;

   (c) "Diensverskaffer" die diere-aantekening organisasie wat deur die Genootskap genomineer is om produksie-aantekeningdienste (prestasie-aantekening) aan sy lede te lewer;

   (d) 'dier', 'n Tuli-bees wat in die Kuddeboek geregistreer is of daarvoor geskik is en die woorde 'bees/beeste', 'bul/le', kalf/kalwers' en 'koei/e' sal dieselfde betekenis hê;

   (e) 'eienaar', die persoon wie
      (i) volgens die rekords van die Registrerende Owerheid, sodanige dier besit, of
      (ii) tot bevrediging van die Raad bewys lewer dat sodanige dier geskik is om in sy naam aangeteken of geregistreer te word; of
      (iii) in die geval van 'n ingevoerde dier geregtig is om die dier in sy naam in die erkende kuddeboek van die land van herkoms aan te teken of te registreer;

   (f) 'eisel', 'n eisel van 'n dier en sluit ook 'n embrio in;

   (g) 'embrio', die bevrugte eisel van 'n dier;

   (h) 'Gebied', Suid-Afrika en sodanige ander lande soos van tyd tot tyd deur die Genootskap, met die goedkeuring van die Registrerende Owerheid, bepaal;

   (i) 'geboorte', die geboorte van 'n dier;

   (j) 'Genootskap', die Tuli Beestelersgenootskap van Suid-Afrika;

   (k) 'Grondwet', die Grondwet met inbegrip van die Verordeninge (uitgesluit die Bylaes) van die Genootskap;

   (l) 'inspekteur', 'n persoon in die hoedanigheid van inspekteur deur die Raad aangestel;

   (m) "Intergis (Geïntegreerde registrasie en genetiese inligtingstelsel)", die rekenaarstelsel wat ingestel is in samewerking met die Departement, waarop voorvoegsels ingevolge die Wet geregistreer is, en waarop registrasie en prestasiegegewens geïntegreer kan word;

   (n) 'koper', die persoon of persone aan wie eienaarskap of gesamentlike eienaarskap van 'n dier oorgedra word deur die verkoper van sodanige dier;

   (o) 'Kuddeboek', die Kuddeboek van die Genootskap waarin die besonderhede van alle diere, deur die Genootskap by die Registrerende Owerheid ingeskryf word;

   (p) 'Minister', die Minister van die betrokke Departement;

   (q) 'persoon', insluitende 'n natuurlike of regspersoon;

(r) ‘produksie’, die groei- en produksieprestasie, reproduksie en/of funksie;

(s) ‘Raad’, die Raad van die Genootskap, amptelik verkies ingevolge die bepalinge van die Grondwet;

(t) ‘rasstandaarde’, die geskrewe stel fenotipiese en/of genotipiese standaarde van voortreflikheid vir die Tuli-bees soos bepaal deur die Genootskap en waaraan enige dier na die goeddunke van die Raad moet voldoen voor sodanige dier vir aantekening of registrasie aanbeveel sal word;

(u) ‘Registrateur’, die beampte ingevolge die Wet aangewys as Registra-teur van Diereverbetering;

(v) ‘registreer’, die prosedure van registrasie van diere in die Kuddeboek, of waardeur ‘n voorvoegsel of Kuddekenmerk deur die Registrerende Owerheid op rekord geplaas word;

(w) ‘registreerbaar’, die vereistes wat gestel word om ‘n dier waarvan die geboorte aangemeld word te keur as geskik om op aansoek registreer te word;

(x) “Registrerende Owerheid” ‘n organisasie wat die opname van geboortes en ouerskap bestuur en wat as sodanig geregistreer is ingevolge Artikel 8(7)(a)(ii) van die Wet;

(y) “Sekretaresse” beteken 'n persoon of entiteit wat deur die Raad goedgekeur is om die administratiewe werk van die Genootskap te verrig;

(z) ‘semen’, die semen van ‘n dier;

(aa) “Skriftelike kennisgewing”, “skriftelik” en / of “gestuur” beteken enige elektroniese kommunikasie metode soos e-pos en Whats app of per pos en word as geldig beskou.

(bb) "Stelsel" beteken die diere-aantekeningstelsel, wat die rekenaarstelsel is wat deur die organisasie wat deur die Genootskap aangestel is, gebruik word om die diere-aantekening dienste van die Genootskap te administreer;

(cc) ‘‘n Suid-Afrikaansgeteelde dier’, ‘n dier wat in, of onderweg na, Suid-Afrika gebore is: Met dien verstande dat ‘n dier wat gebore word as gevolg van ‘n ingevoerde eisel, as ‘n ingevoerde dier beskou word;

(dd) "Teenwoordig tydens 'n vergadering" persoonlik teenwoordig te wees of aan die vergadering deel te neem deur middel van 'n elektroniese kommunikasiemetode wat deur die Raad goedgekeur is;

(ee) ‘teler’, ‘n lid van die Genootskap wie die eienaar is van -
- (i) die moeder ten tyde van die geboorte van nageslag geskik vir registrasie;
- (ii) die ontvanger moeder ten tyde van die geboorte van nageslag geskik vir registrasie as gevolg van ‘n embrio-oorplasing;
- (iii) ‘n dier wat aanvaar word om in die Kuddeboek aangeteken of geregistreer te word;

(ff) ‘Vereniging’, die Suid-Afrikaanse Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging, 'n Registrerende Owerheid wat as sodanig geregistreer is kragtens Artikel 8 (7) (a) (ii) van die Wet;

(gg) ‘verkoper’, die persoon of persone wie, volgens die rekords van die Registrerende Owerheid, die eienaar/gesamentlike eienaar/s van ‘n dier is, of in die geval van ‘n ingevoerde dier, die eienaar in die land van herkoms, wie sodanige dier verkoop het;

(hh) ‘Wet’, die Wet op Diereverbetering, 1998 (Wet 62 van 1998), of enige verdere wetgewing met dieselfde doelstelling as in gemelde Wet, insluitende die regulasies uitgevaardig ingevolge daarvan;

2. Ander woorde, afkortings en terme gebruik in die Grondwet, wat nie hierbo omskryf is nie, en waaraan ‘n bepaalde betekenis geheg word in die Wet, sal dieselfde beteken as in die Wet.

3. Tensy ‘n teenstrydige bedoeling duidelik uit die verband blyk, sal alle woorde wat in die Grondwet na persone in die manlike geslag verwys, die vroulike geslag insluit en woorde in die enkelvoud, sal die meervoud insluit en woorde in die meervoud, sal die enkelvoud insluit.

# GRONDWET

**1. NAAM VAN DIE GENOOTSKAP**

Die naam van die Genootskap is die Tuli Beestelersgenootskap van Suid Afrika.

**2. DOELSTELLINGS**

2.1 Onderhewig aan die bepalings van die Wet en hierdie Grondwet is die doelstellings van die Genootskap –

(a) om die teelt en genetiese verbetering van die produksiepotensiaal van diere in die Gebied aan te moedig;

(b) om die rasegtheid van die ras in die Gebied te bewaar en om deur alle moontlike en beskikbare middele die belangstelling in die ras te bevorder;

(c) om die versameling, bewaring en ontwikkeling van die ras deur goeie seleksie ingevolge die aanvaarde beskrywing van 'n Tuli aan te moedig en om vermenging met ander rasse uit te skakel;

(d) om rasstandaarde wat gebaseer op produksie-aantekening en visuele inspeksie vir genetiese afwykings en bouvorm op te stel en te handhaaf in so verre dit verwant is aan funksionele doeltreffendheid. Vir hierdie doel sal alle produksiedata aan die Raad, inspekteurs en subkomitees beskikbaar gestel word;

(e) om noukeurige verslae van die stambome en besonderhede van diere saam te stel, te bewaar en in stand te hou van alle diere wat deur die Genootskap by die Registrerende Owerheid in die Kuddeboek aangeteken of geregistreer is;

(f) om vir tentoonstellingdoeleindes verskillende klasse vir die ras te verkry en beoordelaars te benoem wat bevoeg geag word om die ras te beoordeel; en om landbougenootskappe en andere te oortuig van die wenslikheid en noodsaaklikheid daarvan om slegs beoordelaars aan te stel wat deur die Genootskap aanbeveel word;

(g) om die vertoning en mededinging van die ras op landboutentoonstellings te bevorder en aan te moedig;

(h) om die verkoop van diere te bevorder;

(i) om in die algemeen alles in sy vermoë te doen ter bevordering van die belange van sy lede in die Gebied met betrekking tot hul bedrywighede in verband met die ras; en

(j) om produksiedata van lede verbonde aan die aangewese Vleisbeesproduksie-aantekening stelsel op versoek van die Genootskap en onderworpe aan die voorwaardes wat deur die toepaslike Diensverskaffer voorgeskryf mag word, aan die Genootskap beskikbaar te stel: Met dien verstande dat die Genootskap sodanige data nie tot die nadeel van enige lid, of lede, of die Diensverskaffer sal aanwend nie en dat die verdere verwerking van die data nie tot die nadeel van die oogmerke van die aangewese Vleisbeesproduksie-aantekening stelsel sal wees nie.

**3. MAGTE VAN DIE GENOOTSKAP**

Onderhewig aan die bepalings van die Grondwet sal die Genootskap die mag hê –

(a) om kragtens sy lidmaatskap aan 'n Registrerende Owerheid en die verlening van regspersoonlikheid aan die Genootskap in terme van die Wet, sodanige funksies te vervul

en pligte uit te voer soos deur die Wet neergelê; en

(b) om oor die algemeen stappe te neem soortgelyk aan die wat ‘n regspersoon by wetgewing kan verrig ten einde sy doelstellings te bereik.

(c) die Registrerende Owerheid te versoek om voorvoegsels namens die telers te registreer by die organisasie wat deur die Departement aangestel is om die Intergis te bestuur.

(d) As 'n nie-winsgewende organisasie mag die Genootskap nie:
  (i) betrokke raak by enige aktiwiteite met die uitsluitlike doel om wins te maak;
  (ii) by enige sake-, professionele of beroepsaktiwiteite van sy lede betrokke raak nie;
  (iii) enige lid van enige finansiële hulp of deurlopende dienste of fasiliteite bied wat 'n lid benodig vir die bestuur van 'n onderneming, 'n beroep of 'n loopbaan nie.

(e) Die inkomste en bates van die Genootskap word slegs aangewend om die spesifieke doelstellings van die Genootskap en die bevordering van die ras te bereik. Die lede en werknemers het geen regte op die eiendom of bates van die Genootskap nie, bloot daarop dat hulle lede of werknemers van die Genootskap is.

(f) Geen deel van die Genootskap se inkomste of bates mag oorgedra of direk aan enige persoon, werknemer of Raadslid toegewys word nie, behalwe vir:
  (i) redelike vergoeding vir dienste gelewer aan die Genootskap;
  (ii) vergoeding vir werklike koste of redelike uitgawes aangegaan in belang van die Genootskap.

## 4. LIDMAATSKAP

### 4.1 Verkiesbaarheid

Onderworpe aan die bepalings van Klousule 4.2.3, sal Lidmaatskap van die Genootskap beperk word tot persone bo die ouderdom van 18 jaar.

### 4.2 Indeling van Lidmaatskap

#### 4.2.1 Gewone Lede

Persone wat in die Gebied woon en wat direk of indirek by die teelt van diere betrokke is, kan vir lidmaatskap van die Genootskap as Gewone Lede in aanmerking kom.

(a) persone wat aktiewe telers van diere is en sodanige diere ooreenkomstig hierdie Grondwet aanteken of registreer, sal as Aktiewe Gewone Lede bekend staan. Sodanige lede sal al die regte en voorregte van lidmaatskap geniet, insluitende stemreg by enige vergadering van die Genootskap en sal ook tot die Raad verkiesbaar wees.

(b) alle ander Gewone Lede sal as Nie-Aktiewe lede bekend staan. Sodanige lede sal al die regte en voorregte van lidmaatskap geniet, uitsluitende stemreg by enige vergadering van die Genootskap en sal ook nie tot die Raad verkiesbaar wees nie.

#### 4.2.2 Lewenslange Erelede

Vir spesiale dienste gelewer in belang van die Tuli ras mag die Algemene Jaarvergadering ‘n persoon tot Lewenslange Erelid verkies: Op voorwaarde dat dit op aanbeveling van die Raad geskied. Sodanige Lewenslange Erelid sal al die regte en voorregte van lidmaatskap geniet, insluitende stemreg by enige vergadering van die Genootskap en sal ook tot die Raad verkiesbaar wees.

#### 4.2.3 Junior Lede

Enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar wat direk of indirek by die teelt van

diere betrokke is, mag, mits die Raad dit goedkeur, ‘n Junior Lid word. Sodanige Junior lid sal geen stemreg by vergaderings hê nie en nie tot die Raad verkiesbaar wees nie. Na die betaling van die vasgestelde gelde mag ‘n Junior Lid aan die ander aktiwiteite van die Genootskap deelneem.

**4.3 Aansoek om Lidmaatskap**

4.3.1 Aansoek om lidmaatskap van die Genootskap moet op die voorgeskrewe vorm aan die Genootskap gerig word. Die aansoek moet ook vergesel gaan van die betrokke subskripsie- en/of intreegeld soos van tyd tot tyd deur die Algemene Jaarvergadering bepaal.

4.3.2 Die Raad mag die aansoek om lidmaatskap van enige persoon aanvaar, hetsy onvoorwaardelik of op sodanige voorwaardes as wat die Raad mag bepaal, of enige aansoek weier.

4.3.3 Indien ‘n aansoek om lidmaatskap geweier is, sal die aansoeker geregtig wees op die terugbetaling van enige gelde wat sy aansoek vergesel het.

**4.4 Regte en Voorregte van Lede**

Uitgesluit eksekuteurs van afgestorwe boedels, kurators van insolvente boedels en likwidateurs van maatskappye of private maatskappye sal die regte en voorregte van elke lid van die Genootskap persoonlik op homself van toepassing wees en is nie oordraagbaar nie, hetsy deur sy eie handeling of deur enige wetlike bepaling behalwe dat ‘n lid wel volmag mag gee aan ‘n ander lid om namens die lid te stem op ‘n Algemene Vergadering. Sodanige skriftelike volmag moet die Genootskap net voor die aanvang van die vergadering waarop sodanige gevolmagtigde moet stem, bereik. Die regte en voorregte sal die volgende insluit-

(a) om alle verslae en ander publikasies te ontvang wat deur die Genootskap vir verspreiding onder lede uitgegee word;

(b) om aansoek te doen vir die aantekening of registrasie van diere in ooreen-stemming met die bepalings van die Grondwet;

(c) om alle Algemene Vergaderings van die Genootskap by te woon en om, onderworpe aan die bepalings van Klousule 4.2, op sodanige vergaderings te stem;

(d) om, indien beskikbaar, alle deskundige tegniese advies met betrekking tot aangeleenthede rakende die Tuli Genootskap se inspekteurs en amptenare te ontvang. Alle koste wat hieraan verbonde mag wees, moet deur die aansoeker betaal word; en

(e) om die Genootskap se amptelike verslae te raadpleeg en te gebruik.

**4.5 Maatskappy, Private Maatskappy, Vennootskap of ander Regspersoon**

4.5.1 ‘n Maatskappy, private maatskappy, vennootskap of ander regspersoon wat om Gewone Lidmaatskap aansoek doen, moet aan die Genootskap sodanige feite en gegewens voorlê as wat nodig mag wees om die aard van die beherende aandeel daarin te bepaal en moet dan, of te eniger tyd daarna, benewens die vereiste gegewens wat van alle aansoekers verlang word, die Genootskap verder in kennis stel van die naam en adres van die natuurlike persoon wat aangestel is om as verteenwoordiger by vergaderings van die Genootskap op te tree.

Sodanige natuurlike persoon sal die reg hê om skriftelik ‘n plaasvervanger te benoem. Sodanige skriftelike benoeming moet die Genootskap net voor die aanvang van die vergadering waarop sodanige plaasvervanger moet stem, bereik.

4.5.2 Alle stukke wat aan sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger, soos in Klousule

4.5.1 uiteengesit, gerig is, word beskou as behoorlik op die maatskappy, private maatskappy, vennootskap of ander regspersoon bestel te wees en by alle vergaderings wat deur sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger namens die maatskappy, private maatskappy, vennootskap of ander regspersoon bygewoon word, word die maatskappy, private maatskappy, vennootskap of ander regspersoon beskou as behoorlik verteenwoordig te wees.

4.5.3 Die natuurlike persoon wie, soos in Klousule 4.5.1 uiteengesit, aangewys is om sodanige maatskappy, private maatskappy, vennootskap of ander regspersoon te verteenwoordig, sal volle stemreg hê en mag tot die Raad verkies word.

4.5.4 Indien so 'n maatskappy, private maatskappy, vennootskap of ander regspersoon in gebreke bly om aan die vereistes van Gewone Lidmaatskap te voldoen, soos in Klousule 4.2 uiteengesit, sal sy lidmaatskap van die Genootskap beëindig word en die bepalings van die volgende Klousule 4.5.5 sal *mutatis mutandis* op so 'n maatskappy, private maatskappy, vennootskap of ander regspersoon van toepassing wees.

4.5.5 In die geval van die likwidasie van 'n maatskappy of private maatskappy of die ontbinding van 'n vennootskap of ander regspersoon sal lidmaatskap van die Genootskap outomaties beëindig word: Met dien verstande dat;

(a) alle bedrae of gelde aan die Genootskap verskuldig op die datum van likwidasie of ontbinding deur die Genootskap van die likwidateur van sodanige maatskappy of private maatskappy of van die lede (hetsy gesamentlik of afsonderlik) van sodanige vennootskap of ander regspersoon gevorder sal word;

(b) die likwidateur van sodanige maatskappy of private maatskappy en die lede van sodanige vennootskap of ander regspersoon verplig sal wees om al die verpligtinge van so 'n maatskappy, private maatskappy, vennootskap of ander regspersoon na te kom ten opsigte van aantekeninge, registrasies, oordragte of enige verpligtinge wat die maatskappy, private maatskappy, vennootskap of ander regspersoon as lid van die Genootskap moes nakom; en

(c) enige gelde wat betaalbaar mag wees, soos kuddegelde, aantekeninge, registrasies, oordragte of ander verpligtinge wat na so 'n outomatiese beëindiging van lidmaatskap nagekom moet word, ooreenkomstig die skaal vir Gewone Lede opgelê sal word.

## 5. LEDEGELDE EN GELDE

5.1 Alle ledegelde of enige ander gelde en kommissie aan die Genootskap betaalbaar, word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en word vir kennisname op die eerste daaropvolgende Algemene Vergadering van die Genootskap voorgelê.

5.2 Die jaarlikse ledegelde is vooruitbetaalbaar op 1 Julie van elke jaar en sal as agterstallig beskou word as dit nog nie op 30 Oktober van die dieselfde jaar betaal is nie.

5.3 Enige lid wie se ledegeld agterstallig is, of wat ander gelde en/of kommissie aan die Genootskap skuld ten opsigte van enige gelde of verpligtinge, vir meer as 30 dae nadat 'n skriftelike eis om die betaling daarvan deur die Sekretaresse aan die lid gerig is, sal daarna geen regte en voorregte verbonde aan lidmaatskap geniet voordat sodanige skulde aangesuiwer is nie.

5.4 Die Raad mag opdrag gee dat rente en/of boetes gehef word op alle agterstallige rekeninge teen 'n koers soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word.

5.5 Enige lid wie, om watter rede ookal, ophou om ‘n lid van die Genootskap te wees sal aanspreeklik bly vir alle bedrae wat ten tyde van die beëindiging van sy lidmaatskap deur hom aan die Genootskap verskuldig was.

5.6 Indien die Raad sou beslis dat die rekening van ‘n lid agterstallig is of ten tyde van die beëindiging van sy lidmaatskap uitstaande is, sal so ‘n lid, indien sy rekening vir invordering aan ‘n firma van prokureurs oorhandig word, verantwoordelik gehou word vir die betaling van alle regskoste en invorderingsgelde wat dit mag meebring, op die skaal soos tussen prokureur en eie kliënt, tesame met die oorspronklike bedrag, boetes en eise wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is.

## 6. BEDANKINGS, OPSKORTING EN SKORSING VAN LEDE

### 6.1 Bedanking van Lede

Enige lid mag bedank as lid van die Genootskap deur nie minder nie as een maand voor die tyd skriftelik kennis daarvan aan die Genootskap te gee:
Met dien verstande dat –

(a) sodanige bedanking minstens voor 30 Junie ingedien moet word;

(b) geen ledegelde of gedeelte daarvan terugbetaalbaar sal wees nie; en

(c) alle gelde aan die Genootskap verskuldig ten volle betaal is en die lid sy verpligtinge nagekom het ten opsigte van dokumente, rekords, aantekeninge, registrasies en oordragte of enige ander verpligting met betrekking tot sy lidmaatskap deur die Genootskap vereis.

### 6.2 Opskorting of Skorsing van Lede

Die Raad mag ‘n lid skors en/of dienste aan enige lid opskort wat –

(a) in gebreke gebly het om enige bedrag wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is te betaal binne 30 dae nadat ‘n skriftelike eis vir sodanige vereffening, deur die Sekretaresse aan die lid gerig is;

(b) na oordeel van die Raad op enige wyse oneerbaar of afbrekend teenoor die karakter of tot nadeel van die Genootskap opgetree het;

(c) die Grondwet of enige reël van die Genootskap oortree het;

(d) enige reël in die Gedragskodes (Bylae B) soos van toepassing en van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, oortree het;

(e) skuldig bevind is op grond van oortreding van die Wet;

(f) met opset of vir persoonlike gewin of voordeel foutiewe inligting aan die Genootskap of enige van sy amptenare of aan beamptes of beoordelaars by skoue verstrek het, of wat aan die liggaam van ‘n Tuli sodanige veranderings aangebring het om enige persoon te mislei; of

(g) probeer om ‘n amptenaar van die Genootskap om te koop:

Met dien verstande dat geen stappe vir opskorting of skorsing teen ‘n lid van die Genootskap geneem sal word nie, alvorens die Genootskap nie minstens 30 dae voor die datum van die Raadsvergadering waarop sodanige beweerde oortreding behandel sal word, ‘n skriftelike kennisgewing aan so ‘n lid gerig het waarin hy in kennis gestel word van die aard van die klagte en/of oortreding, asook die datum van sy voorgestelde verhoor en waarin daar ‘n beroep op hom gedoen word om persoonlik of indien hy so verkies, deur sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger, sy kant van die saak op die Raadsvergadering te stel.

Die Raad of enige Komitee van die Raad sal geregtig wees om behoorlik navraag te doen in verband met die gedrag van ‘n lid en om sodanige inligting by so ‘n plek, persoon, firma en/of instansie in ontvangs te neem en daarop te handel op so ‘n wyse as wat die Raad mag goeddink.

Die gewone reëls wat betref die lewering van getuienis sal nie van toepassing wees op sodanige *bona fide* navraag nie en geen lid sal enige aksie, eis en/of reg van verhaal teen die Raad of sy Komitee hê in verband met enige aangeleentheid en/of saak wat voortspruit uit sodanige navraag of inligting wat bekom was nie.

6.3 Enige lid wat sy lidmaatskap verbeur het of wat opgeskort of geskors is, moet deur die Genootskap skriftelik daarvan in kennis gestel word binne drie dae na die datum waarop die besluit met betrekking tot sy opskorting of skorsing goedgekeur of waarop sy lidmaatskap verbeur is. As dienste aan die lid opgeskort is, sal die kennisgewing die voorwaardes en tydperk van opskorting verduidelik.

6.4 Na sodanige skorsing van ‘n lid mag die Raad opdrag aan die Genootskap gee om sy naam uit die Kuddeboek en enige ander registers of verslae van die Genootskap te verwyder en by die Registrerende Owerheid aansoek doen vir die kansellering van alle aantekeninge en/of registrasies ten opsigte van diere wat deur die geskorste lid geteel is en ten tyde van sy skorsing in sy besit was. Die Raad mag verder van die geskorste lid verlang om indien van toepassing, onverwyld alle aantekening- en/of registrasiesertifikate ten opsigte van diere wat ten tyde van sy skorsing in sy besit was, aan die Genootskap te oorhandig.

6.5 Vanaf datum van skorsing sal geen diere wat daarna deur die geskorste lid geteel word, oorgedra, aangeteken of geregistreer word nie, geen geboortekennisgewing van hom ontvang sal aanvaar word nie en hy sal dienooreenkomstig in kennis gestel word.

6.6 Enige persoon wat opgehou het om lid van die Genootskap te wees, mag weer vir lidmaatskap in aanmerking kom ooreenkomstig die bepalings van Klousule 4.3 en nadat alle agterstallige skulde vereffen is.

6.7 Enige lid wie geskors word is en bly aanspreeklik vir alle gelde deur hom verskuldig aan die Genootskap soos op datum van skorsing.

**6.8 Opheffing van Stemreg**

6.8.1 Enige lid, uitgesluit lede waarna in Klousule 4.2.2 verwys word, wat vir ‘n termyn soos wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal geen Tuli's in sy naam laat registreer het nie of wat nie geregistreerde beeste gedurende sodanige tydperk aangekoop het waarvan die oordragte in sy naam geregistreer is nie, sal sy stemreg waarna in Klousules 4.2 en 4.4(c) verwys word, verbeur.

6.8.2 Die stemreg van geen lid sal opgehef word mits hy nie ten minste 30 dae voor die vergadering waarop sodanige opheffing in werking sal tree daarvan skriftelik deur die Sekretaresse in kennis gestel is nie.

6.8.3 Sodanige opheffing van stemreg van ‘n lid sal van krag bly totdat hy weer Tuli's laat registreer waarna die opheffing van sy stemreg onmiddellik beëindig sal word sonder dat enige kennisgewing te dien effekte aan hom gegee moet word.

6.8.4 Die opheffing van stemreg op die hierin vermelde wyse sal geensins die ander regte en/of verpligting van lidmaatskap affekteer nie.

## 7. PERSOONLIKE INLIGTING EN REGISTER VAN LEDE

7.1 Die Genootskap kan van alle lede sekere persoonlike identifiseerbare inligting versoek wat gebruik kan word om sy lede te kontak of te identifiseer. Hierdie persoonlike identifiseerbare inligting kan die volgende insluit: E-posadres, Voorname en Van,

Paspoort of ID-nommer, Telefoonnommer, Adres, Provinsie, Poskode.

7.2 Die Genootskap sal slegs lede se persoonlike data gebruik om ‘n diens te kan lewer en te verbeter en sy doelstellings te bereik.

7.3 Die Genootskap het die reg om die naam en kontakbesonderhede van sy lede van tyd tot tyd bekend te maak in publikasies, webtuiste en ander media soos wat die Raad dit nodig mag ag in belang van die Genootskap en sy lede.

7.4 Die Genootskap sal ‘n register van alle lede hou waarin alle inligting, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, ingeskryf moet word.

7.5 Elke lid moet die Genootskap skriftelik van ‘n verandering van sy kontak besonderhede in kennis stel en alle kommunikasie, kennisgewings of publikasies wat aan ‘n lid se aangetekende adres gestuur is, sal beskou word as behoorlik op sodanige lid bestel te wees.

7.6 Die Genootskap sal die Registrerende Owerheid met inligting voorsien soos verlang met betrekking tot nuwe lidmaatskappe, bedankings en skorsing van lede (vir watter rede ookal), en volledige kontakbesonderhede van lede.

## 8. BESTUUR

### 8.1 Samestelling en Verkiesing van die Raad

Die belange van die Genootskap sal beheer en bestuur word deur ‘n Raad wat uit sewe lede sal bestaan en wat jaarliks tydens die Algemene Jaarvergadering verkies word —

(a) ’n President
(b) ’n Vise-President
(c) ‘n Tesourier; en
(d) Vier lede

Met dien verstande dat minstens ses van die sewe verkose lede Suid-Afrikaanse burgers moet wees.

### 8.2 Metode van Verkiesing

Indien ’n stemgeregtigde lid nie self op ’n Algemene Jaarvergadering teenwoordig kan wees om sy stem uit te bring nie, kan so ’n lid vooraf ’n mede-lid as volmaghouer aanstel om namens hom te stem. Die aanstelling moet op ’n voorgeskrewe vorm gedoen word en voor die vergadering aan die Voorsitter oorhandig word.

### 8.3 Addisionele Raadslede

Benewens die sewe verkose lede mag daar ook die volgende persone wees wat op die Raad mag dien in ‘n adviserende hoedanigheid en sonder stemreg.

8.3.1 Enige lid wat deur die Raad gekoöpteer is om te help met 'n spesifieke behoefte of vir 'n spesifieke projek.

8.3.2 Enige persoon met spesifieke kundigheid wat van tyd tot tyd deur die Raad gekontrakteer word om die Raad te help met advies in die belang van die Genootskap en sy lede.

**8.3.3 Die Sekretaresse**

Die Sekretaresse, of in sy/haar afwesigheid ‘n ander senior amptenaar van die Genootskap, wat alle vergaderings van die Genootskap sal bywoon en die reg het om aan besprekings deel te neem, maar egter nie stemreg sal hê nie.

8.4 Indien ‘n lid van die Raad te sterwe kom, bedank, ophou om lid van die Genootskap te wees of sy amp verbeur ingevolge Klousule 8.6, kan die Raad ‘n ander lid van die

Genootskap aanwys as sy plaasvervanger met volle magte tot die volgende Algemene Jaarvergadering waar daar dan 'n plaasvervanger verkies sal word vir die res van sy dienstermyn. Die Raad sal as behoorlik gekonstitueer beskou word en sal voortgaan om al die magte wat aan hom opgedra is uit te voer, nieteenstaande enige vakatures wat daarin mag ontstaan.

8.5 In die geval waar die amp van President, Vise-President of Tesourier vakant raak voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy tot die Raad verkies is, moet die Raad by sy daaropvolgende vergadering per geslote stembriefies persone uit sy geledere nomineer en een verkies om die vakature vir die onverstreke tydperk te vul.

8.6 Lede van die Raad wat van twee agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig was sonder toestemming of grondige rede, sal hul amp outomaties verbeur.

**8.7 Uitvoerende Komitee**

Die Uitvoerende Komitee van die Raad, wat magte sal beklee soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, sal bestaan uit die President, Vise-President en Tesourier. Alle verrigtinge of besluite van die Uitvoerende Komitee moet op die daaropvolgende Raadsvergadering goedgekeur word.

## 9. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD

Die Raad het, onderworpe aan die bepalings van die Grondwet en die besluit van die Algemene Vergaderings van die Genootskap soos van tyd tot tyd geneem word, die mag om sodanig op te tree as wat in belang van die Genootskap is, of vir die bevordering en volvoering van sy doelstellings wat nodig of wenslik geag mag word. In besonder het die Raad die mag om –

(a) na goeddunke sodanige prokureurs of ander regsverteenwoordigers, rekenmeesters, agente, ampsdraers of amptenare of ander werknemers permanent, tydelik of met die oog op spesiale dienste aan te stel, te ontslaan, of te skors; om hulle magte en pligte te bepaal, hul vergoeding en diensvoorwaardes vas te stel en om sodanige voorsorg te tref vir die behoorlike uitvoering van hul pligte, as wat in besondere gevalle raadsaam geag mag word;

(b) 'n geding in te stel, te voer, te laat voer, te verdedig, of 'n skikking aan te gaan ten opsigte van enige geregtelike stappe deur of teen die Genootskap of teen enige van sy ampsdraers of amptenare of ander werknemers in verband met die aangeleenthede van die Genootskap; en om enige skulde wat betaalbaar is te verminder, of uitstel te verleen vir die afbetaling daarvan of die voldoening aan enige eise of aanskrywing deur of teen die Genootskap;

(c) een of meer bankrekenings namens die Genootskap te open en enige wissel, skuldbewys, tjek of ander verhandelbare dokument wat op sake van die Genootskap betrekking het te trek, te aanvaar, te endosseer, aan te gaan of uit te voer;

(d) enige gelde wat nie vir die onmiddellike behoeftes van die Genootskap nodig is nie te belê of op enige ander wyse te behartig teen sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes soos die Raad mag goedvind en van tyd tot tyd enige sodanige beleggings te verander of te onttrek;

(e) op sekuriteit van enige eiendom van die Genootskap geld vir die Genootskap te leen; betaling van lenings op enige wyse te sekureer, insluitende die verhipotekering of verpanding van goed, en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid daarvan, in besonder deur die uitreiking van die soort skuldbrief of skuldbriefeffekte, met of sonder sekuriteit;

(f) geboue, grond, goedere, roerende bates en besittings te koop, te huur, op verband te neem of vir die Genootskap aan te skaf; om roerende goedere of vaste eiendom van die Genootskap te verkoop, te verpand, te verhuur, te vervreem of andersins daarvan ontslae te raak en die vergoeding daaruit verkry op so 'n wyse aan te wend as wat tot die grootste

voordeel van die Genootskap gereken mag word;

(g) vrywarings en waarborge en borgstellings aan te gaan en betaling daarkragtens op enige wyse te sekureer;

(h) die dienste van enige persoon of lid van die Genootskap te koöpteer en om subkomitees te benoem op sodanige voorwaardes en sodanige magte aan hul te verleen as wat van tyd tot tyd wenslik geag mag word. Die President en Vise-President van die Genootskap is *ex officio* lede van alle subkomitees met alle regte en voorregte;

(i) inspekteurs aan te stel om diere wat vir aantekening of registrasie aangebied is, te keur en vir die doel van enige ander werksaamhede waarvoor lede van die Genootskap die dienste van inspekteurs mag verlang en om aan sodanige inspekteurs opdragte te gee en magte te verleen met betrekking tot hul pligte om te verseker dat die doelstellings van die Genootskap uitgevoer word, of om hulle te ontslaan;

(j) ‘n sisteem van beoordeling en keuring ten opsigte van inspeksie van Tuli's in te stel en om reëls, voorwaardes, en terme aangaande sodanige inspeksies, en met betrekking tot keuring te formuleer: Met dien verstande dat wanneer die Raad enige sodanige reëls òf herroep òf op enige ander wyse verander het, sodanige reëls by die eersvolgende Algemene Vergadering van die Genootskap vir die inligting van sodanige vergadering voorgelê moet word;

(k) opdrag te gee aan inspekteurs en/of ander amptenare van die Genootskap om ondersoek in te stel na gevalle waar daar nie behoorlik rekords gehou word nie of waar daar twyfel mag ontstaan met betrekking tot die identiteit van ‘n dier en om sodanige stappe te neem soos in die belang van die Genootskap wenslik geag mag word;

(l) enige persoon of persone vir dienste gelewer te vergoed en pensioen- en ander aansporingskemas en gratifikasies ten opsigte van ampsdraers en werknemers tot stand te bring;

(m) algemene of enige ander vergaderings van die Genootskap te belê, of na aanleiding van ‘n spesiale versoek daartoe wat volgens die bepalings van die Grondwet gerig is, òf andersins indien dit noodsaaklik geag word;

(n) aan enige lid van die Raad of enige amptenaar of werknemer van die Genootskap verlof tot afwesigheid toe te staan vir enige tydperk en op sodanige voorwaardes as wat in elke geval bepaal mag word;

(o) sodanige strawwe of boetes op te lê of af te dwing as wat van tyd tot tyd vir lede van die Genootskap bepaal mag word vir die oortreding of skending van die Grondwet of die reëls en regulasies van die Genootskap;

(p) onderhewig aan die bepalings van Klousule 5, ledegelde, fooie of verpligtinge soos wat dit nodig geag mag word, te hersien of aan te pas en vir kennisname op ‘n Algemene Vergadering aan die lede voor te lê en om afslag op subskripsies, fooie of verpligtinge toe te staan;

(q) al die kostes en rekeninge met betrekking tot die administrasie en bestuur van die Genootskap te betaal;

(r) aansoeke om lidmaatskap te ontvang en te oorweeg en dit na eie oordeel te aanvaar of af te wys;

(s) gelde, donasies en ander skulde en fondse in te samel en te ontvang en dit tot voordeel van die Genootskap en bevordering van die Tuli aan te wend;

(t) reëls en regulasies met betrekking tot die beheer van sake en die uitvoer van die doelstellings van die Genootskap op te stel, te wysig of op te hef of enige bylae of aanhangsel met betrekking tot die Grondwet, te verander of te wysig soos van tyd tot tyd nodig geag mag word, en vir kennisname op 'n Algemene Vergadering aan die lede voor te lê;

(u) ondersoek in te stel na geskille wat uit die toepassing van die Grondwet mag ontstaan en om uitsluitsel daaromtrent te gee;

(v) ondanks enige strydige bepalings in hierdie Grondwet vervat, met die goedkeuring van die Algemene Jaarvergadering, vrystelling te verleen van enige bepalings van hierdie Grondwet of versagting in gevalle van meriete soos deur die Raad besluit;

(w) verkope van diere te organiseer en te bevorder, hetsy deur openbare veilings of uit die hand en om vir hierdie doel afslaers en agente aan te stel;

(x) verteenwoordigers op enige geaffilieerde organisasie soos versoek kan word, aan te stel en om 'n persoon of persone te benoem om die Genootskap op enige komitee, liggaam of organisasie te verteenwoordig;

(y) een of meer lede of amptenare aan te stel met die gesag om namens die Genootskap betalings te aktiveer, dokumente te ontvang en te onderteken, wat ook onder andere dokumente, aktes en kontrakte aangegaan buite die Republiek insluit, stukke en gegewens te ontvang, geregtelike stappe te doen, op te tree, 'n eis in te stel, of gedagvaar te word, sodat die sake van die Genootskap beter en gemakliker uitgevoer en afgehandel kan word;

(z) ooreenkomstig Klousule 6, die lidmaatskap van enige persoon te beëindig of lewering van dienste aan 'n lid opskort;

(aa) ooreenkomstig Klousule 5.3, te weier om inspeksie-, aantekening-, registrasie- en ander werk vir lede te doen indien hulle uitstaande skuld by die Genootskap het;

(bb) rasstandaarde op te stel en minimum vereistes en ander standaarde neer te lê en vir kennisname aan 'n Algemene Vergadering voor te lê, waarvolgens –
- (i) diere deur inspekteurs geïnspekteer word;
- (ii) onderworpe aan die bepalings van die Wet, aansoeke vir die in- en uitvoer van diere, semen en embrio's te oorweeg en semenskenkers ingevolge die Wet goed te keur;

(cc) die strekking van die finansiële jaar van die Genootskap te bepaal;

(dd) sodanige reëls en voorwaardes op te stel met betrekking tot die kwalifikasies en benoeming van beoordelaars van die ras as wat nodig geag mag word: Met dien verstande dat geen persoon as beoordelaar van die ras aangestel sal word alvorens hy voldoen aan sodanige vereistes as wat deur die Raad bepaal mag word nie. Verder om van tyd tot tyd die paneel van beoordelaars in heroorweging te neem en om daaruit sodanige name te verwyder as wat nodig geag mag word; en in die algemeen alles wat nodig is te doen met die oog op die welvaart van die Genootskap en die hantering van sy sake, altyd op voorwaarde dat enige stappe wat gedoen word of opdragte wat gegee word, nie teenstrydig sal wees met die bepalings van die Wet en die Grondwet nie.

## 10. VERGADERINGS

### 10.1 Uitvoerende Komiteevergaderings

Die Uitvoerende Komitee sal wanneer nodig, vergader om die pligte wat deur die Raad aan hom opgedra is, uit te voer. Met dien verstande dat alle besluite wat deur die Uitvoerende Komitee geneem word, onderwerp word aan goedkeuring deur die Raad op die daaropvolgende vergadering.

10.1.1 ‘n Raadslid mag die President versoek om persoonlik enige sake van belang voor die Uitvoerende Komitee te lê. Met dien verstande dat hy die saak vooraf volledig op skrif sal stel. Indien die President besluit dat die saak van genoegsame belang en dringendheid is, mag hy verlof verleen dat so ‘n Raadslid die Uitvoerende Komiteevergadering bywoon om, met toestemming van die Komitee, die vergadering toe te spreek.

10.1.2 Indien die President nie die saak van genoegsame belang ag nie mag hy die versoek weier en, indien hy so oordeel, toesien dat die aangeleentheid op die sakelys van die vergadering geplaas word.

**10.2 Raadsvergaderings**

10.2.1 Die Raad sal op sodanige tyd en plek vergader as wat die President of in sy afwesigheid die Vise-President mag besluit. Op voorwaarde dat minstens twee Raadsvergaderings gedurende elke finansiële jaar gehou sal word.

10.2.2 **‘n Spesiale Raadsvergadering**

(a) mag deur die President (of in sy afwesigheid deur die Vise-President) belê word op sodanige tyd en plek as wat sodanige ampsbekleër mag besluit, of

(b) sal belê word op grond van ‘n aansoek onderteken deur nie minder nie as twee Raadslede waarin die redes vir die vergadering gemeld word. Sodanige aansoek moet aan die President gerig word.

10.2.3 Skriftelike kennisgewing van die tyd, datum en plek tesame met die sakelys van ‘n voorgenome Raadsvergadering moet nie minder nie as 21 dae voor die vergadering sal plaasvind, deur die Sekretaresse aan elke lid van die Raad gestuur word.

10.2.4 Geen besluit van die Raad sal gewysig of verander kan word nie, tensy die besluit om dit te wysig of te verander deur ‘n vergadering, waarvan nie minder nie as 14 dae kennis aan alle Raadslede gegee is en waarin die redes vir die wysiging of verandering van die besluit duidelik uiteengesit is: Met dien verstande dat ‘n besluit sonder kennisgewing gewysig mag word indien al die lede van die Raad teenwoordig is.

**10.3 Algemene Vergaderings**

10.3.1 ‘n Algemene Vergadering van die Genootskap wat bekend staan as die Algemene Jaarvergadering word een keer in ‘n finansiële jaar, nie later nie as ses maande na die einde van die finansiële jaar, gehou op so ‘n tyd en plek as wat die Raad mag bepaal.

10.3.2 By so ‘n Algemene Jaarvergadering sal die Raad sy jaarverslag aan die Genootskap voorlê, tesame met kompilasie finansiële state, behoorlik opgestel deur ‘n geregistreerde rekenmeester wat deur die Algemene Jaarvergadering aangestel is.

10.3.3 ‘n Spesiale Algemene Vergadering van die Genootskap mag te eniger tyd met 30 dae skriftelike kennisgewing aan lede, belê word deur –

(a) die Raad; of

(b) die President (of in sy afwesigheid die Vise-President);

op grond van ‘n skriftelike versoek daartoe wat aan die Sekretaresse gerig is en wat deur nie minder nie as tien lede van die Genootskap onderteken is. So ‘n aansoek moet die doelstellings van die vergadering duidelik uiteensit en gedurende sodanige vergadering mag slegs die gemelde sake behandel word.

10.3.4 ‘n Voorlopige skriftelike kennisgewing van die tyd, datum en plek van ‘n Algemene Jaarvergadering moet minstens 60 dae voor die vergadering deur die Sekretaresse aan elke lid gestuur word. Enige lid wat van plan is om enige saak by die Algemene Jaarvergadering vir bespreking voor te lê, moet die Sekretaresse nie minder nie as 40 dae voor die vergadering, skriftelik daarvan in kennis stel. Geen onderwerp wat deur enige lid voorgestel is, sal op die sakelys van die Algemene Jaarvergadering geplaas word indien die verlangde kennisgewing van die voorstel nie ooreenkomstig hierdie subklousule gegee is nie.

10.3.5 ʼn Finale skriftelike kennisgewing van die tyd, datum en plek waarop enige Algemene Vergadering gehou sal word, tesame met die sakelys vir die vergadering, moet minstens 30 dae voor die vergadering aan elke lid van die Genootskap gestuur word.

10.3.6 Daar sal geen besluit op ‘n Algemene Vergadering geneem word tensy kennis daarvan op die sakelys, wat tesame met die kennisgewing van vergadering aan lede gestuur is verskyn nie, of tensy so ‘n vergadering met ‘n twee-derde meerderheid van stemme, van lede wat teenwoordig is en stemgeregtig is, besluit om enige saak wat nie spesifiek op die agenda is nie, te bespreek en daaroor te stem: Met dien verstande dat hierdie uitsondering nie op enige Grondwetlike wysigings van toepassing is nie.

10.3.7 Enige Algemene Vergadering mag verdaag word deur ‘n twee-derde meerderheid-stem van die lede wat daarby teenwoordig is.

10.3.8 Vir die doel om besluite op ‘n Algemene Jaarvergadering geneem, te herroep, word ‘n twee-derde meerderheid op ‘n Algemene Vergadering vereis.

**10.4 Voorsitter by Vergaderings**

Die President beklee die voorsitterstoel by alle vergaderings en indien hy afwesig is beklee die Vise-President die amp. Indien nie een van hierdie ampsdraers by ‘n vergadering teenwoordig is nie, mag die lede wat teenwoordig is ‘n ander lid verkies om by sodanige vergadering die voorsitterstoel te beklee en enige persoon wat op so ‘n manier verkies is, sal met betrekking tot daardie vergadering oor die mag beskik om al die pligte van die President uit te voer.

**10.5 Neem van Besluite**

Alle sake wat voor enige vergadering gelê word, tensy andersins voorsien in hierdie Grondwet, moet besleg word deur die meerderheid van stemme van die lede wat by die vergadering teenwoordig en stemgeregtig is en in die geval van ‘n staking van stemme sal die persoon wat by daardie vergadering die voorsitterstoel inneem benewens sy gewone stem, ook ‘n beslissende stem hê.

**10.6 Metode van Stemming**

Tensy anders bepaal in hierdie Grondwet sal stemming by alle vergaderings met die opsteek van hande geskied, tensy enige teenwoordige lid stemming per geslote stembrief verlang, in welke geval stemming per geslote stembrief sal geskied.

Waar elektroniese stemme nie totale geheimhouding verseker nie sal onafhanklike ouditering gebruik word wat sal dien as geheimhouding van die elektroniese stemme.

**10.7 Ongeldigheid van Besluite**

Geen saak wat behoorlik en grondwetlik op enige vergadering afgehandel is, kan ongeldig verklaar word slegs weens die feit dat enige lid geen kennisgewing kragtens die vereistes van die Grondwet ontvang het nie.

**10.8 Kworums**

10.8.1 Twee lede wat teenwoordig is by enige Uitvoerende Komitee-vergadering sal ‘n kworum vorm vir sodanige Uitvoerende Komiteevergadering.

10.8.2 Drie Raadslede wat teenwoordig is by enige Raadsvergadering en wat stemgeregtig is sal ‘n kworum vorm vir so ‘n Raadsvergadering.

10.8.3 Vyf lede van die Genootskap wat teenwoordig is by die aanvang van enige Algemene Vergadering en wat stemgeregtig is sal ‘n kworum vorm vir so ‘n vergadering.

10.8.4 Indien daar by enige Algemene Vergadering nie ‘n kworum teenwoordig is nie kan die vergadering verdaag tot ‘n tyd (nie minder nie as 14 dae daarna) en plek wat deur die lede persoonlik teenwoordig bepaal word. Op so ‘n uitgestelde vergadering vorm die teenwoordige lede wel ‘n kworum: Met dien verstande dat enige vergadering waar daar geen kworum is nie, maar waar die President of Vise-President teenwoordig is, vir ‘n halfuur verdaag moet word waarna die lede wat dan teenwoordig is, ‘n kworum vorm vir die afhandeling van sodanige sake (behalwe grondwetlike wysigings) as wat deur die lid wat die voorsitterstoel beklee, dringend mag verklaar. Sodanige verdaging vir ‘n halfuur sal nie tot nadeel van die regte van die vergadering wees nie om nadat aandag aan die noodsaaklike aangeleenthede gee is, te verdaag tot ‘n tyd en plek soos hierin bepaal.

10.8.5 Sodra ‘n vergadering op so ‘n wyse uitgestel word, sal ‘n kennisgewing binne sewe (7) dae na die vergadering aan alle lede gestuur word waarin die datum, plek en tyd van die uitgestelde vergadering en die rede vir sodanige vergadering gemeld word.

**10.9 Notules van Vergaderings**

10.9.1 ‘n Afskrif van die notules van alle Algemene Vergaderings sal aan alle lede van die Genootskap gestuur word. Raadslede sal afskrifte van die notules van Raadsvergaderings ontvang en Subkomiteevergaderings sal aan alle persone gestuur word wat op die Raad en sodanige komitees dien.

10.9.2 Die notule van alle vergaderings geteken deur die President of ‘n persoon wie die voorsitterstoel beklee gedurende die daaropvolgende vergadering, sal bewys wees daarvan dat alle verrigtinge behoorlik geskied het en dat alle verkiesings, aanstellings en besluite aanvaar gedurende sodanige vergadering, bindend en van krag is.

## 11. FINANSIëLE BEPALINGS

11.1 Die Raad sal kan een of meer bankrekenings namens die Genootskap open, waarin alle gelde wat die Genootskap ookal mag ontvang, gedeponeer moet word.

11.2 Alle betalings uit die fondse van die Genootskap word per elektroniese oordrag gedoen, goedgekeur deur die Tesourier of sodanige persoon of persone as wat deur die Raad daartoe gemagtig is, ooreenkomstig Klousule 9(y): Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die Raad sal verhoed om ‘n kleinkasfonds in stand te hou en te beheer nie. Ook kan sodanige gereelde en gewone maandelikse rekenings wat nie ‘n bedrag wat deur die Raad van tyd tot tyd bepaal is, oorskry nie, betaal word: Op voorwaarde dat die totale bedrag wat nodig is vir die betaling van sodanige rekenings deur middel van ‘n debietkaart getrek word deur ‘n persoon wat deur die Raad daartoe gemagtig is.

11.3 Die Raad moet toesien dat die Genootskap behoorlike rekeningboeke hou. Gemagtigde persone wat geld met debiet- of kredietkaarte hanteer, is verantwoordelik om bewys te lewer van enige betalings wat gemaak is.

11.4 Al die besittings van die Genootskap is gevestig in die Raad.

11.5 Die inkomste en besittings van die Genootskap, uit watter bron ookal ontvang, insluitende profyte en winste sal enkel en alleen aangewend word ter bevordering van die doelstellings van die Genootskap en geen deel daarvan sal direk of indirek as dividend of bonus of andersins betaal of oorgedra word aan enige persone wat te eniger tyd lede van die Genootskap is of was nie: Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die betaling in goeder trou aan enige werknemer of ander persoon vir dienste wat aan die Genootskap gelewer is, kan verhoed nie.

11.6 Die finansiële jaar van die Genootskap neem ‘n aanvang op 1 Julie van elke jaar en sluit op 30 Junie van die volgende jaar.

## 12. AFFILIASIES

Die Genootskap –

(a) sal, onderworpe aan die bepalings van die Wet, ‘n lid van ‘n Registrerende Owerheid wees en sal sodanige lidmaatskap in stand hou op die voorwaardes soos in die Konstitusie van die Registrerende Owerheid bepaal; en

(b) kan verder met enige vereniging, genootskap of organisasie waarvan die doelstellings met dié van die Genootskap ooreenstem affilieer of inkorporeer op voorwaarde dat so ‘n besluit goedgekeur word deur minstens twee-derdes van die stemgeregtigde lede wat by enige Algemene Vergadering van die Genootskap teenwoordig is en stem.

## 13. GRONDWETLIKE WYSIGINGS

13.1 Byvoegings tot, of wysigings of veranderings van die Grondwet mag slegs aangebring word deur ‘n meerderheidsbesluit van nie minder nie as twee-derdes van die lede wat by ‘n Algemene Vergadering van die Genootskap teenwoordig en stemgeregtig is en stem. Ook moet van die voorgestelde wysigings of byvoegings van die Grondwet asook van die vergadering skriftelik kennis gegee word aan elke lid van die Genootskap nie minder nie as 30 dae voor die vergadering.

13.2 Ingevolge artikel 12 van die Wet moet enige toevoegings of wysigings aan die Grondwet binne dertig (30) dae nadat sodanige toevoegings of wysigings deur die Algemene Vergadering goedgekeur is, by die Registrateur ingedien word.

13.3 As die Registrateur enige toevoegings of wysigings as strydig met die Wet beskou, moet hy die Genootskap binne dertig (30) dae na ontvangs daarvan, skriftelik daarvan in kennis stel, in welke geval sodanige toevoegings of wysigings ongeldig is.

13.4 Indien geen besware van die Registrateur ontvang word nie, tree enige toevoegings of wysigings aan die Grondwet eers in werking nadat die dertig (30) dae bedoel in Klousule 13.3, verstryk het.

13.5 Nadat die voorwaardes soos in Klousule 13.4 nagekom is, moet enige wysigings aan die Grondwet deur die Genootskap by die Registrerende Owerheid en die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ingedien word.

## 14. KANTOOR VAN DIE GENOOTSKAP

Die kantoor van die Genootskap sal op ‘n plek wees soos wat die Raad mag bepaal, onderhewig aan bevestiging deur die lede by die daaropvolgende Algemene Vergadering.

## 15. ONTBINDING VAN DIE GENOOTSKAP

Indien daar na die beëindiging of ontbinding van die Genootskap, en nadat al die skulde en verpligtinge nagekom is, enige bates oorbly, sal sodanige bates nie onder die lede van die Genootskap verdeel of aan hul uitbetaal word nie, maar geskenk of oorgedra word aan sodanige ander instelling waarvan die doelstellings ooreenstem met dié van die Genootskap, soos deur die meerderheid op ‘n Algemene Vergadering van die Genootskap besluit en wat opsigself vrygestel

is van die betaling van inkomstebelasting kragtens artikel 10(1)(cA)(i) van die Inkomste-belastingwet.

**16. VRYWARING**

Lede van die Raad en van die Genootskap wat betrokke is by Genootskapwerksaamhede in opdrag van die Raad, word hiermee vrygestel van enige eise, verliese of uitgawes voortspruitende uit sodanige werksaamhede: Op voorwaarde dat hulle *bona fide* opgetree het en nie skuldig was aan pligsversuim of oneerlikheid nie.

**17. WERKNEMERS VAN DIE GENOOTSKAP**

Geen werknemer van die Genootskap mag, behalwe in die uitvoering van sy pligte as sodanige werknemer, enige diens lewer of by enige besigheid in verband met die koop en verkoop van diere betrokke wees nie.

**18. OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE**

Ondanks enige bepalings in die Grondwet strydig hiermee, mag enige lid deur ŉ volmagprokurasie, behoorlik uitgereik en deur die Sekretaresse geliasseer, ŉ ander persoon volmag gee om namens hom geboortekennisgewings/aansoeke om aantekening of registrasie, oordrag-sertifikate, dekkingsertifikate, opgawes of verslae of enige ander dokumente met betrekking tot die administrasie van ŉ kudde te onderteken. Enige sodanige handtekening deur so ŉ ten volle gemagtigde persoon sal deur die Genootskap as net so geldig en bindend aanvaar word asof dit die lid se eie handtekening is: Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is, so ŉ gevolmagtigde persoon daartoe in staat sal stel om op enige moontlike manier deel te neem aan die nominering van, of stemming vir, enige Raadslid, of stemming oor enige aangeleentheid waaroor sy prinsipaal stemreg het of om enige vergadering namens sy prinsipaal by te woon nie.

**19. NIE-LEDE**

Sodanige voordele van lidmaatskap as wat die Raad mag bepaal, mag aan nie-lede verleen word: Met dien verstande dat geen wetlike of ander verpligting op die Genootskap sal rus ten opsigte van sodanige nie-lede nie en op verdere voorwaarde dat alle gelde met betrekking tot enige dienste wat deur die Genootskap aan nie-lede gelewer word, sal wees soos wat van tyd tot tyd deur die Algemene Jaarvergadering bepaal. Sodanige gelde sal vooruitbetaalbaar wees.

**20. OUTENTIEKE LESING VAN HIERDIE GRONDWET**

Aangesien hierdie Grondwet en die bygaande Bylaes in Afrikaans opgestel, ingedien en oorweeg is, word die Afrikaanse weergawe as outentiek beskou.

# VERORDENINGE

## 1. KUDDEBOEK

### 1.1 Algemeen

1.1.1 Die Genootskap sal toesien dat die Registrerende Owerheid rekord hou van alle geregistreerde Tuli's en dat die Kuddeboek, wat verdeel sal word in drie hoofafdelings, naamlik –

(a) 'n Basis Register,
(b) 'n Hulpstamboekafdeling, en
(c) 'n Volgeregistreerde Afdeling (SP) van die Kuddeboek.

1.1.2 Nageslag van veelvuldige vader-parings sal slegs in aanmerking kom waar ouerskap deur 'n erkende DNS-toets bevestig word. Die ouerskap van Nie vir Registrasie-diere sal aanvaar word mits dit deur DNS-toetse bepaal is en dit binne ses maande na geboorte ingedien is.

1.1.3 Produksieaantekeninge is verpligtend vir diere gebore vanaf 1 Julie 2013. Slegs Basis diere of diere met toestemming van die Raad, hoef nie produksie data te hê om goedgekeur te word nie.

1.1.4 Vanaf 01 Januarie 2023 moet alle kuddevaars oor 'n genomiese profiel beskik en moet vaderskap bevestig word.

### 1.2 Basis Register

1.2.1 'n Basis dier moet 'n SP pa/ma uit enige kommersiële bul/koei hê, en moet Tuli tipies wees. Vroulike diere wat aan die minimum rasstandaard voldoen, asook genotipies *cum* fenotipies 'n Tuli is, sal na inspeksie en goedkeuring geskik wees vir aantekening in die Basis Register van die Kuddeboek.

1.2.2 Vroulike diere wat inpas by die kleur voorskrifte van die Tuli Telersgenootskap en wat beantwoord aan die voorskrifte van funksionele doeltreffendheid en tipe, kan na inspeksie en met goedkeuring deur die Raad in die Basis register opgeneem word.

1.2.3 Die vroulike nageslag van 'n Basiese vroulike dier en 'n Hulpstamboek B Bul kan na inspeksie en met goedkeuring deur die Raad in die Basis register opgeneem word.

### 1.3 Hulpstamboek Afdeling

#### 1.3.1 Hulpstamboek A

1.3.1.1 Die vroulike nageslag van 'n Basis vroulike dier en 'n SP volgeregistreerde bul wat voldoen aan die minimum rasstandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie, of wat deur bewys van 'n genomiese toets as suiwer Tuli klassifiseer, sal vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling in aanmerking kom.

1.3.1.2 Vroulike nageslag van 'n Hulpstamboek A vroulike dier en 'n Hulpstamboek B bul wat aan die minimum rasstandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie voldoen, sal vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling in aanmerking kom.

1.3.1.3 Uitsondering: waar daar vir 'n aantal jare slegs SP geregistreerde Tuli bulle binne 'n kommersiële kudde gebruik gemaak is, sal die vroulike nageslag, nadat vaderskap deur DNS bevestig is en nadat dit deur Inspekteurs van die Genootskap geïnspekteer en goedgekeur is deur

die Raad, vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling in aanmerking kom.

**1.3.2 Hulpstamboek B**

Die nageslag van ‘n Hulpstamboek A vroulike dier en ‘n Volgeregistreerde bul wat reeds goedgekeur is en wat aan die minimum ras- en produksiestandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie voldoen, sal in aanmerking kom vir registrasie in die Hulpstamboek B afdeling van die Kuddeboek.

Die nageslag van ‘n Hulpstamboek B vroulike dier en ‘n Hulpstamboek B bul, sal na inspeksie en goedkeuring geskik wees vir registrasie in die Hulpstamboek B afdeling.

**1.4 Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek (SP)**

Vir hierdie Afdeling van die Kuddeboek kom die volgende diere, indien hulle voldoen aan die minimum ras- en produksiestandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie, in aanmerking vir registrasie –

(a) Alle nageslag van Hulpstamboek B-koeie x Volgeregistreerde bulle wat reeds goedgekeur is.
(b) Alle nageslag van Hulpstamboek B-bulle x Volgeregistreerde koeie wat reeds goedgekeur is.
(c) Alle nageslag van Volgeregistreerde diere wat reeds goedgekeur is.

## 2. VOORVOEGSEL EN KUDDEKENMERK

2.1 Diere sal nie vir aantekening of registrasie aanvaar word nie tensy die teler voor die tyd, die Genootskap versoek het, om namens hom deur die Registrerende Owerheid, ‘n voorvoegsel vir sy uitsluitlike gebruik, by die organisasie wat deur die Departement aangestel is om Intergis te bestuur, registreer waardeur al die diere wat deur hom geteel is en aangeteken of geregistreer word, onderskei sal word. ‘n Kuddekenmerk moet verder by die Genootskap geregistreer word waardeur sulke diere geïdentifiseer sal word.

2.2 Geen voorvoegsel mag 18 karakters oorskry nie, en die naam van ‘n dorp, poskantoor of stad in die Gebied sal nie aanvaar word vir registrasie as ‘n voorvoegsel nie.

2.3 Die kuddekenmerk, soos deur die Genootskap geregistreer en by die Registrerende Owerheid aangeteken vir die teler se uitsluitlike gebruik, mag nie vier spasies oorskry nie en sal uit letters bestaan.

2.4 Aansoek om registrasie van sodanige voorvoegsel en kuddekenmerk word by die Genootskap gedoen en moet vergesel gaan van sodanige registrasiegelde as wat van tyd tot tyd deur die Raad of die Registrerende Owerheid bepaal mag word.

2.5 Die oordrag van ‘n voorvoegsel van een teler na ‘n ander sal nie toegelaat word nie behalwe onder sodanige omstandighede en aan sodanige persone as waarvoor in die Konstitusie van die Registrerende Owerheid voorsiening gemaak word.

## 3. IDENTIFIKASIE

3.1 Die Genootskap se amptelike stelsel van permanente identifikasie van diere wat vir aantekening of registrasie in die kuddeboek in aanmerking kom en in die rekords van die Registrerende Owerheid, is tatoeëring of oorknippe met die voorbehoudsbepaling dat waar oorknippe gebruik word die dier by speen, en nie later as op agt maande ouderdom, gebrandmerk word. Tatoeëring en brandmerke moet bestaan uit die kuddekenmerkletters, jaarsyfer en volgnommer.

3.2 Die identifikasie van kalwers sal bestaan uit –

(a) kuddekenmerkletters wat nie meer as VIER spasies mag beslaan nie;

(b) ‘n jaarsyfer wat sal bestaan uit die laaste TWEE syfers van die jaar waarin die dier gebore is; en

(c) ‘n volgnommer van elke dier wat nie meer as VYF syfers sal beloop nie, en nie elke jaar by die nommer EEN hoef te begin nie.

3.3 Elke kalf moet binne drie dae na geboorte deur die teler geïdentifiseer word.

3.4 Wanneer identifikasiemerke eenmaal aan ‘n dier aangebring is, selfs as dit foutief, vaag, defektief of onleesbaar is, mag dit onder geen omstandighede reggemaak, verbeter, verander of gewysig word nie, tensy die Genootskap vooraf skriftelik daartoe toestemming gee nie.

3.5 Indien ‘n teler met die identifikasie van ‘n dier ‘n fout begaan, of wanneer die identifikasiemerk vaag of onleesbaar word, moet die eienaar van die dier die Genootskap skriftelik daarvan in kennis stel en die dier sal dan weer gemerk word in die teenwoordigheid van ‘n inspekteur wat deur die Raad daartoe aangestel is nadat sodanige inspekteur oortuig is van die ware identiteit van die dier.

3.6 Daar mag geen byvoeging van enige ander tatoeëermerke, van watter aard ookal, in die ore of liggaam van ‘n dier deur die teler of eienaar daarvan of deur sy agent aangebring word nie en dit word ten strengste verbied en diere wat sulke merke dra, mag blootgestel word aan diskwalifikasie.

3.7 Behalwe vir die moontlike verpligte merk/brand van diere soos bepaal deur wetgewing of die vrywillige merk/brand van diere geregistreer in die Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek met die geregistreerde (brand) merk van die Registrerende Owerheid vir produksie aantekening, prestasie, of soos voorgeskryf of aangebring deur die betrokke diensverskaffer van ‘n produksie aantekening toets of diens, is die aanbring van enige ander brand hoegenaamd, deur die teler of eienaar of sy agent, streng verbode en die aantekening- en/of registrasie van enige dier so gemerk sal gekanselleer word.

3.8 Geen dier mag verkoop of oorgedra word indien die dier nie duidelik geïdentifiseer is nie.

## 4. NAME

4.1 Geen dier sal in aanmerking kom vir inskrywing in die Kuddeboek nie tensy die dier duidelik gemerk en uitdruklik van ‘n naam of nommer, wat die naam verteenwoordig, voorsien is. Die Raad het die reg om enige aansoek ten opsigte van ‘n dier wat na sy oordeel nie duidelik gemerk is nie, of ‘n misleidende naam het, te weier.

4.2 Die naam sal die voorvoegsel wat vir die teler geregistreer is insluit, en insluitende die voorvoegsel, mag geen naam uit meer as vier woorde bestaan nie, en uitsluitend die voorvoegsel, sal dit nie 20 spasies oorskry nie.

4.3 Indien die naam van ‘n dier eers aangeteken of geregistreer is, kan dit daarna nie weer gewysig of verander word nie, tensy die naam ‘n ooglopende fout openbaar, in welke geval die naam dan net op so ‘n manier verander sal word as wat nodig is om die fout te herstel.

## 5. DEKKING- EN INSEMINERINGSERTIFIKATE EN DIE GESAMENTLIKE BESIT VAN BULLE

5.1 **Dekking- of Insemineringsertifikate**

5.1.1 Indien ‘n dragtige dier, wat aangeteken of geregistreer is of geskik is vir aantekening of registrasie, verkoop word moet die verkoper die koper van ‘n dekkingsertifikaat (natuurlike dekking) of ‘n insemineringserfifikaat (kunsmatige inseminering) voorsien.

5.1.2 Sodanige sertiflkaat moet die naam en aantekening- of registrasienommer van die bul, die naam en aantekening- of registrasienommer van die koei wat betrokke is verstrek, asook die datum van dekking of inseminering.

5.1.3 Ingeval die presiese datum van dekking nie bekend is nie, moet die dekkingsertifikaat die tydperk aandui wat die betrokke vroulike dier en genoemde bul saam geloop het en verder dat die betrokke dier nie gedurende daardie tydperk deur enige ander bul gedek kon gewees het nie.

5.1.4 Veelvuldige vaderparings is toelaatbaar. Slegs Volgeregistreerde bulle wat reeds goedgekeur is mag vir veelvuldige vaderparings gebruik word. Die nageslag verwek deur veelvuldige vaderparings sal slegs in aanmerking kom vir aantekening of registrasie in die Kuddeboek na die vaderskap bevestig is deur ‘n DNS-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode om ouerskap te bevestig.

**5.2 Gesamentlike besit van Bulle**

5.2.1 In die geval van gesamentlike besit van bulle, moet die volle naam en adres van elke mede-eienaar op rekord wees by die Registrerende Owerheid.

5.2.2 Indien ‘n teler die gebruik van sy bul of bulle deur ‘n mede-teler toelaat, moet die toepaslike bepalings in die Wet en hierdie Verordening nagekom word.

**6. REëLS MET BETREKKING TOT KUNSMATIGE INSEMINERING**

6.1 Diere wat wettiglik deur kunsmatige inseminering verwek is sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom: Op voorwaarde dat aan al die vereistes van die Wet en die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is.

6.2 Indien verskillende bulle vir die verskaffing van semen gebruik word vir die kunsmatige inseminering van dieselfde vroulike dier, minder as 21 dae uitmekaar, sal geen nageslag wat verwek mag word vir aantekening of registrasie in aanmerking kom nie, ongeag die bepalings van Verordening 6.1 hiervan, tensy die vaderskap bevestig is deur ‘n DNS-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode om ouerskap te bevestig.

6.3 Die Genootskap behou die reg om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van kunsmatige inseminering deur sy telers.

6.4 Die Genootskap en die Registrerende Owerheid behou die reg om te weier om nageslag wat deur kunsmatige inseminering verwek is, aan te teken of te registreer indien enige van hierdie reëls of die bepalings van die wet nie ten volle nagekom is nie.

6.5 Telers wat in die lande buite Suid-Afrika woonagtig is en die voorregte van aantekening en registrasie van diere geniet kragtens die bepalings van die Grondwet, mag aansoek doen om die aantekening of registrasie van kunsmatig verwekte nageslag: Op voorwaarde dat die semen verkry is van ‘n bron wat deur die Genootskap en die Registrerende Owerheid goedgekeur is, en verder op voorwaarde dat die opvang van die semen, die hantering daarvan, die inseminering van die diere en die hou van verslae so gedoen word as wat die Genootskap van tyd tot tyd mag goedkeur.

6.6 Die Genootskap bevestig dat, onderhewig aan die bepalings van die Wet, individuele telers onbeperkte hoeveelhede semen van hul eie bulle vir gebruik op hul eie en ander diere mag opvang, en dat die nageslag verwek deur die gebruikmaking van sodanige semen geskik is vir aantekening of registrasie: Op voorwaarde dat –

(a) volledige besonderhede van eienaarskap van die betrokke dier en die verkoop van die semen aan die Genootskap voorgelê is; en

(b) die amptelike DNS-laboratoriumnommer van die dier by die Genootskap ingedien is.

**7. REëLS MET BETREKKING TOT EMBRIO-OORPLASINGS**

7.1 Diere wat wettiglik deur eisel-oorplasings ontstaan het, sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom: Op voorwaarde dat –

(a) aan al die vereistes van die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is;

(b) beide die semen- en eiselskenker vir sodanige doeleindes deur die Raad goedgekeur is;

(c) behalwe in die geval van ‘n dier wat uit ‘n embrio-oorplasing ontstaan en *in utero* ingevoer is, die volgende dokumente binne 120 dae na elke embrio-oorplasing aan die Genootskap voorgelê is –
(i) die amptelike DNS-laboratoruimnommers van die semen- en eisel-skenkers betrokke; en
(ii) ‘n sertifikaat deur ‘n veearts of embrio-oorplaser, of in die geval van binne-kudde embrio-oorplasing die eienaar, te dien effekte dat die bepalings van die Wet nagekom is;

(d) in die geval van ‘n dier wat uit ‘n eisel-oorplasing ontstaan het en *in utero* ingevoer is, die volgende bewyse en dokumentasie, onderteken deur ‘n bevoegde liggaam in die land van herkoms, by die Genootskap ingedien word binne 30 dae na die aankoms van die ontvangerkoei in Suid-Afrika –
(i) bewys van die dekking of inseminasie en spoeling van die embrioskenker;
(ii) bewys van die oordrag en die oordragdatum na die betrokke ontvangerkoei;
(iii) tweegenerasie stamboom van beide skenkers;
(iv) DNS-profiel van beide skenkers; en
(v) bewys dat hul standaarde van voortreflikheid aan die vereistes voldoen soos deur die Raad van tyd tot tyd bepaal mag word;

(e) ‘n geboortekennisgewing met betrekking tot ‘n dier verwek deur ‘n eisel-oorplasing ingedien word waarna in Verordening 9.2 verwys word;

(f) ouerskap sal in elke geval deur ‘n DNS-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode van bevestiging van ouerskap, bevestig word tensy anders deur die Genootskap en die Registrerende Owerheid bepaal; en dat

(g) aan al die ander vereistes van die Grondwet met betrekking tot geboorte-kennisgewings, inspeksie en/of prestasie en aantekeninge en/of registrasies, en reproduksie voldoen is.

7.2 Die Genootskap behou die reg om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van embrio-oorplasings deur sy telers.

7.3 Telers wat in die lande buite Suid-Afrika woonagtig is en wat die voorregte van registrasie van diere geniet, mag aansoek doen om die registrasie van nageslag wat deur embrio-oorplasings ontstaan het: Op voorwaarde dat die eiselle verkry is van ‘n bron wat deur die Genootskap en die Registrerende Owerheid goedgekeur is, en verder op voorwaarde dat die opvang van die eiselle, die hantering daarvan, die oorplasing van embrio's en die hou van verslae so gedoen word as wat die Genootskap van tyd tot tyd mag goedkeur.

7.4 Die Genootskap en die Registrerende Owerheid behou die reg om te weier om nageslag wat deur embrio-oorplasings ontstaan het, aan te teken of te registreer indien enige van hierdie reëls of die bepalings van die Wet nie ten volle nagekom is nie.

**8. DRAGTIGHEIDS- EN INTERKALFPERIODES**

8.1 Die minimum aanvaarbare dragtigheidperiode is 265 dae en die maksimum 310 dae.

8.2 Geen dragtigheidperiode buite die tydsbestek sal sonder spesiale goedkeuring van die Raad erken word nie tensy ouerskap deur 'n DNS-toets bevestig word.

8.3 Die minimum aanvaarbare periode tussen die geboortedatums van twee agtereen-volgende kalwers uit een koei (interkalfperiode) is 270 dae, behalwe in die geval van meerlinge wat nie op dieselfde dag gebore word nie.

**9. KENNISGEWING VAN GEBOORTE EN AANSOEK OM REGISTRASIE**

9.1 Die teler van 'n dier gebore uit 'n geregistreerde moeder of een wat vir registrasie in aanmerking kan kom, moet die Registrerende Owerheid van die geboorte van die kalf in kennis stel, ongeag of so 'n kalf lewendig of dood gebore is, of vir registrasie behou word, al dan nie.

9.2 Alle kennisgewings van geboorte moet op 'n wyse soos deur die Registrerende Owerheid goedgekeur geskied, en nie later nie as 90 dae na die geboortedatum.

9.3 Ongeag Verordening 9.2 kan die Registrerende Owerheid 'n kennisgewing van geboorte vir registrasie aanvaar wat die Registrerende Owerheid bereik meer as 90 dae na die geboorte van die kalf: Op voorwaarde dat met die kennisgewing ook die boete ingesluit word.

9.4 Die Registrerende Owerheid sal namens elke teler rekords hou van alle geboortes, hetsy lewendig of doodgebore, waarvan die teler die Registrerende Owerheid behoorlik in kennis gestel het en ook van sodanige ander besonderhede as wat deur die Genootskap nodig geag mag word.

9.5 Die geboortekennisgewing is onderworpe daaraan dat die teler volle verantwoordelikheid aanvaar dat die stamboom, telingsbesonderhede en permanente identifikasie van die dier of diere in die geboortekennisgewing vermeld korrek is en dat aan al die vereistes van die Grondwet met betrekking tot geboortekennisgewings voldoen is.

9.6 In die geval van 'n dier wat *in utero* ingevoer is, moet die geboortekennisgewing vergesel gaan van 'n sertifikaat wat behoorlik geteken is deur 'n bevoegde liggaam in die land van herkoms en waarop aangedui word –

(a) dat die identifikasie van die vader, soos op die dokumente aangedui, korrek is: en

(b) dat die vader aan die aantekening of registrasie, minimum ras en produksie standaarde en ander vereistes voldoen soos deur die Raad bepaal mag word.

**10. BEVESTIGING VAN OUERSKAP**

10.1 Ten einde die ouerskap van 'n aangetekende of geregistreerde dier of 'n dier geskik vir aantekening of registrasie te bepaal behou die Genootskap die reg om te eniger tyd 'n DNS-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode van bevestiging van ouerskap te vereis –

(a) as 'n roetine prosedure soos van tyd tot tyd deur die Registrerende Owerheid bepaal; en

(b) in enige geval van twyfel.

10.2 In die geval van die DNS-toets waarna in Verordening 10.1(a) verwys word sal die Genootskap die koste van die eerste ouerskapkontroletoetse nominasies dra en daarna sal die teler vir die koste van alle opeenvolgende ouerskapkontroletoetse verantwoordelik wees.

10.3 In die geval van die DNS-toets waarna in Verordening 10.1(b) verwys word sal die teler of die Genootskap, soos deur die Raad bepaal, vir die koste van die DNS-toetse verantwoordelik wees.

## 11. VEREISTES VIR AANTEKENING OF REGISTRASIE

11.1 **Algemeen**

11.1.1 (a) Inspeksie is ‘n voorvereiste vir die aantekening of registrasie van Suid-Afrikaansgeteelde of ingevoerde diere en behalwe deur spesiale goedkeuring van die Raad of in die geval van bulle wat ‘n goedgekeurde groeitoets voltooi het, sal geen dier onder die ouderdom van 12 maande aangeteken of geregistreer word nie.

**(b) Produksie-aantekening**
Produksie-aantekening sal vanaf 1 Julie 2013 verpligtend wees (sien Produksie standaarde-Bylae A).

11.1.2 Uitgesonder die bepalings van Verordening 11.2.1 sal geen aansoek om aantekening of registrasie van ’n Suid-Afrikaansgeteelde dier oorweeg word nie tensy –

(a) besonderhede van geboorte na behore aangeteken is of ooreenkomstig die bepalings van Verordening 9 vir aantekening of registrasie aanvaar is,

(b) beide ouers of, in die geval van ‘n dier ingevoer *in utero* of ‘n dier voort-spruitend uit ingevoerde semen, die moeder, by die Registrerende Owerheid aangeteken of geregistreer is,

(c) die vader ten tyde van die dekking van die moeder ouer as 12 maande was en DNS-toetse vir hom gedoen is en/of die moeder ten tyde van dekking ouer as 12 maande was.

11.1.3 Geen dier sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom indien dit nie aan die minimum ras en produksie standaard voldoen nie.

11.1.4 Indien daar twyfel bestaan oor die besonderhede by geboorte aangeteken of meegaande inligting of data, mag die dier na oordeel van die Raad van aantekening of registrasie uitgesluit word.

11.1.5 Die metode van aansoek sal –

(a) deur die Registrerende Owerheid neergelê word; en

(b) deur die Genootskap geëndosseer word te dien effekte dat al die vereistes van die Grondwet met betrekking tot aantekening of registrasie nagekom is.

11.1.6 Geen vroulike dier uit ‘n veelvoudige geboorte van beide geslagte sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom tensy haar vermoë om te teel deur kalwing, DNS toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode van bevestiging van vrugbaarheid bevestig is nie.

**11.2 Ingevoerde Diere**

11.2.1 ‘n Ingevoerde dier of ‘n dier verwek deur ingevoerde semen of ‘n ingevoerde embrio sal geskik wees vir aantekening of registrasie op voorwaarde dat die vereistes van die Wet en van die Grondwet *mutatis mutandis* nagekom is.

11.2.2 ‘n Dier wat in die Gebied ingevoer word sal geskik wees vir aantekening of registrasie op voorwaarde dat aansoek vir aantekening of registrasie binne drie maande vanaf datum van aankoms van die dier gedoen word en die aansoek vir aantekening of registrasie vergesel gaan van –

(a) ‘n sertifikaat van aantekening of registrasie of ’n oorspronklike uitvoersertiflkaat wat ‘n twee generasie uitgebreide stamboom weergee, uitgereik deur die liggaam verantwoordelik vir die aantekening en/of registrasie (of liggaam erken deur die Genootskap en die Registrerende Owerheid) in die land van herkoms;

(b) bewys tot dien effekte dat die betrokke dier aan die aantekening- of registrasie, minimum ras en produksie standaarde en ander vereistes voldoen soos van tyd tot tyd deur die Genootskap bepaal mag word; en

(c) ‘n verslag van die inspekteur wat bevestig dat die permanente identifikasiemerk soos op die aantekening-, registrasie- en/of uitvoersertiflkaat aangedui ooreenstem met die betrokke dier.

11.2.3 Aantekening-/Registrasiesertifikate sal deur die Registrerende Owerheid, op versoek van die eienaar, ten opsigte van ingevoerde diere uitgereik word.

**11.3 Ingevoerde Semen en Eiselle**

11.3.1 Nageslag wat deur inovulering met ingevoerde eiselle ontstaan het ten opsigte waarvan die bepalings van die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is, sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom: Op voorwaarde dat sodanige ingevoerde eiselle-

(a) deur ‘n bevoegde liggaam in die land van herkoms (goedgekeur deur die Direkteur: Dieregesondheid van die Nasionale Departement van Landbou) van eiselskenkers wat aan die minimum vereistes vir aantekening of registrasie voldoen soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal; en

(b) indien bevrug moet sodanige eiselle bevrug wees met die semen van ‘n dier wat eweneens aan die minimum vereistes vir aantekening of registrasie voldoen soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

11.3.2 Die geboortekennisgewing moet, onderhewig aan die bepalings van Verordening 6, ook vergesel gaan van ‘n sertifikaat deur ‘n bevoegde liggaam in die land van herkoms, goedgekeur deur die Genootskap en die Registrerende Owerheid, waarop aangedui word –

(a) die name, identifikasie- en aantekening-/registrasienommers van die eisel- en semenskenkers;

(b) die datum en plek van opvangs; en

(c) die aantal lewensvatbare eiselle van die betrokke eiselskenker opgevang.

## 12. INSPEKSIE EN PRODUKSIEVEREISTES

**12.1 Minimum Ras- en Produksiestandaarde**

Minimum rasstandaarde en produksiesstandaarde (soos uiteengesit in Bylae A), sal as voorvereiste vir aantekening en registrasie dien en sal van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word.

## 12.2 Inspeksie en Pligte van Inspekteurs

12.2.1 Die Raad sal, ooreenkomstig Klousule 9(i) van die Grondwet, inspekteurs aanstel om alle diere wat aantekenbaar of registreerbaar is, op aansoek van die betrokke teler, te inspekteer of te klassifiseer. Alle ingevoerde diere moet geïnspekteer word. Die nodige reëling vir sodanige inspeksie moet tussen die eienaar en die Genootskap getref word.

12.2.2 Die Raad sal inspekteurs aanstel om alle diere te inspekteer wat vir aantekening of registrasie in aanmerking kom en sal seker maak dat die ouderdom, identifikasie en ander besonderhede soos aangedui op die aansoek, inspeksielys of sertifikaat korrek is en ooreenstem met die dier wat vir inspeksie aangebied word. Verder moet hy tot eie bevrediging seker maak dat die dier in alle opsigte voldoen aan die minimum ras- en produksie standaarde, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal. Enige verskil of teenstrydigheid kan so 'n dier diskwalifiseer en daartoe lei dat die dier gekanselleer word.

12.2.3 Dit is verpligtend dat 'n teler tydens besoek van die inspekteur alle diere van die betrokke groep en wat aan die volgende minimum ouderdom vereistes voldoen voor die inspekteur te bring vir keuring.

Bulle - Minimum ouderdom 18 maande, behalwe bulle wat 'n goedgekeurde groeitoets voltooi het en na voltooiing van die toets gekeur moet word.

Vers - Minimum ouderdom 12 maande.

Die inspekteur het die mag om na eie oordeel enige dier oor te hou vir inspeksie vir die volgende besoek. By keuring kan 'n dier goedgekeur, afgekeur of afgegradeer word.

12.2.4 'n Inspekteur mag in opdrag van die Raad van tyd tot tyd sonder vooraf waarskuwing 'n algemene inspeksie van enige kudde doen.

12.2.5 Enige telers wat nie met 'n inspekteur se beslissing tevrede is nie, mag binne drie weke na die inspeksie of klassifikasie appèl by die Genootskap aanteken.

Sodanige appèl moet van 'n deposito, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, vergesel gaan. 'n Appèlraad wat deur die Raad van die Genootskap aangewys word sal dan die betrokke dier of diere inspekteer en indien die appèl slaag, sal die deposito minus die uitgawes deur die Raad aangegaan, terugbetaal word. Indien nie, verbeur die appellant sy deposito en is verantwoordelik vir alle koste deur die Appèlraad aangegaan.

12.2.6 Behalwe in die gevalle waarna verwys word in Verordening 12.2.4, sal telers vroegtydig van die tyd en datum van 'n inspekteur se voorgenome besoek in kennis gestel word.

12.2.7 Spesiale inspeksies of klassifikasies kan slegs met toestemming van die Raad plaasvind indien 'n inspekteur beskikbaar is en die aansoeker toestem om die gelde ten opsigte van spesiale inspeksies soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en die reis- en ander koste van die inspekteur te betaal.

12.2.8 Bo en behalwe die inspeksies waarna hierbo verwys word, mag inspekteurs in opdrag van die Raad ander pligte verrig wat die volgende insluit:

(a) klassifikasie of gradering op aansoek van die betrokke teler teen sodanige tarief as wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal; en

(d) demonstrasies en lesings tydens boeredae of beoordelaarskursusse.

12.2.9 Inspekteurs in diens van die Genootskap mag nie instruksies van telers of nie-lede aanvaar om die koop en verkoop van diere te bewerkstellig nie en ook nie enige kommissie ontvang voortspruitend uit die koop of verkoop van diere nie: Op voorwaarde dat hierdie bepaling nie op telers wat as inspekteurs aangestel is van toepassing is nie.

12.2.10 Geen teler mag as inspekteur van sy eie diere of dié van ‘n familielid optree nie.

## 13. AANTEKENING- OF REGISTRASIESERTIFIKATE

13.1 **Uitreiking van Sertifikate**

13.1.1 Registrasiesertifikate sal uitgereik word deur die Registrerende Owerheid in die vorm soos deur die Genootskap en die Registrerende Owerheid besluit. Lede kan hierdie sertifikate sowel as sertifikate van uitgebreide stambome direk vanaf die Registrerende Owerheid se stelsel druk.

13.1.2 Die eienaar van 'n dier kan 'n gedrukte registrasiesertifikaat of vyf generasie-uitvoersertifikaat skriftelik by die Registrerende Owerheid aanvra teen die koste wat die Registrerende Owerheid van tyd tot tyd bepaal.

13.1.3 Data, ten opsigte van produksie aantekening, verwerk deur die betrokke diensverskaffer, kan op die sertifikate verskyn.

13.1.4 Registrasiesertifikate, uitgereik deur die Registrerende Owerheid, ten opsigte van diere verwek deur Kunsmatige Inseminasie en Embrio oorplasing moet die letters "KI" en "EO" onderskeidelik agter die name van die diere wat op sulke sertifikate verskyn, dra.

13.1.5 Wanneer 'n geregistreerde bul aan 'n nie-lid verkoop word, sal die Registrerende Owerheid 'n registrasiesertifikaat aan die koper stuur, mits die verkoper die naam en adres van die koper aan die Registrerende Owerheid verskaf.

13.2 Geen wysiging of byvoeging tot die essensiële aantekening of registrasie inligting of besonderhede van enige dier wat amptelik by die Registrerende Owerheid aangeteken is of enige ongemagtigde endossement of opmerking op gedrukte sal toegelaat word sonder vooraf skriftelike toestemming van die Genootskap nie.

**13.3 Kansellering van ‘n Aantekening of Registrasie en die Herinstelling van Diere**

13.3.1 Die Raad mag die Sekretaresse versoek om by die Registrerende Owerheid aansoek te doen om die kansellering van die aantekening of registrasie van enige dier wat –

(a) verkeerdelik aangeteken of geregistreer is;

(b) aangeteken of geregistreer is op grond van valse of bedrieglike inligting wat deur die eienaar verstrek is;

(c) aangeteken of geregistreer is nadat die eienaar versuim het om te voldoen aan enige vereiste van enige toepaslike Verordening;

(d) nie aan die minimum vereistes soos wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word van die Genootskap, voldoen nie;

en om die teler of eienaar dienooreenkomstig in kennis te stel.

13.3.2 Indien ’n dier wat aangeteken of geregistreer is vrek, gekastreer of gesteriliseer

word, of nie voor 39 maande ouderdom gekalf het nie, of in die geval van ‘n vers wat buite ‘n teler se normale teelseisoen gebore is nie voor 39 maande gekalf het nie, of vir slagdoeleindes verkoop word, of enige ander omstandighede wat die status van aangetekende of geregistreerde diere verander, moet die Registrerende Owerheid binne 30 dae na sodanige gebeure ingelig word vir kansellering en/of endossement.

13.3.3 In die geval van ‘n kansellasie van ‘n dier sal sodanige dier slegs op aanbeveling van die Genootskap in die rekords van die Registrerende Owerheid herstel word. Die eienaar van ‘n dier kan te eniger tyd deur die Genootskap by die Registrerende Owerheid aansoek doen vir die herinstelling van ‘n dier wat deur hom gekanselleer is. Die aansoek om herstelling van so ‘n dier moet vergesel gaan van die gelde wat van tyd tot tyd hiervoor deur die Raad bepaal word.

13.3.4 Geen nageslag van ‘n dier, waarvan die aantekening of registrasie ooreenkomstig Verordening 13.3.1 gekanselleer is, sal na die datum van sodanige kansellasie aangeteken of geregistreer word nie.

13.3.5 Die stelsel sal die teler outomaties vooraf in kennis stel van diere wat gekanselleer sal word wat nie aan die minimum rasstandaarde voldoen nie. Só ‘n teler mag appèl by die Genootskap aanteken.

## 14. OORDRAGTE

14.1 Verandering van eienaarskap sal as plaasgevind beskou word indien –

(a) ‘n dier verkoop, geruil of geskenk is;

(b) ‘n dier geërf is;

(c) ‘n vennootskap of twee of meer persone wie gesamentlik ‘n deelnemer is ontbind is; of

(d) ‘n manlike dier aangeteken of geregistreer is in die naam van twee of meer eienaars en enigeen (of meer) afstand doen van sy/hul aandeel in die dier wat so aangeteken of geregistreer is of om enige rede afstand doen van sy/hul belange in genoemde aangetekende of geregistreerde manlike dier.

14.2 Enige verkoper wie eienaarskap van ‘n dier, of gedeeltelike eienaarskap in ‘n manlike dier, oordra, moet binne 30 dae vanaf datum van oordrag –

(a) die Registrerende Owerheid skriftelik van die identifikasie van die betrokke dier voorsien en die volle besonderhede van die nuwe eienaar; en

(b) die Genootskap voorsien met die gelde betaalbaar wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word:

Op voorwaarde dat indien die aansoek later as 30 dae, maar minder as 90 dae na die oordragdatum deur die Genootskap ontvang word of meer as 60 dae maar minder as 90 dae na die datum, die gelde wat met betrekking tot die oordrag verskuldig sal wees, respektiewelik dubbeld en driemaal die voorgeskrewe gelde sal wees. ‘n Aansoek om sodanige oordrag wat meer as 90 dae na die oordragdatum deur die Genootskap ontvang word sal aanvaar word na betaling van sodanige gelde as wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word.

14.3 In geval van alleen eienaarskap word die oordragdatum gereken as die datum waarop die dier die besit van die verkoper of oordraer verlaat.

14.4 Indien die dier wat oorgedra word –

(a) ‘n dragtige vroulike dier is, moet die verkoper die Registrerende Owerheid sowel as die koper skriftelik met die naam, identifikasie en aantekening-/registrasienommer van die manlike dier aandui wat haar gedek het, tesame met die dekkingsdatum/s, of van die manlike dier met wie se semen sy geïnsemineer is, en die inseminasie datum/s, wat ookal die geval mag wees;

(b) ‘n ontvangerkoei is, moet die aansoek om oordrag vergesel wees van die geboortekennisgewing of aansoek vir registrasie inligting en ander inligting in ooreenstemming met Verordening 6.

14.5 Indien die verkoper of oordraer in gebreke bly of weier om enige stappe te doen ten uitvoer van sodanige oordrag en in gebreke bly of weier om die relevante aantekening of registrasie inligting op skrif te verskaf en indien die koper of nuwe eienaar bereid is om sodanige gelde as wat die Raad mag voorskryf te betaal, mag die Raad sodanige stappe neem as wat nodig geag mag word om te voldoen aan die wense van die koper of nuwe eienaar.

14.6 Geen verandering sal aan ‘n reeds aangetekende oordragdatum aangebring word nie tensy ‘n skriftelike aansoek te dien effekte, behoorlik deur die betrokke koper en verkoper onderteken, by die Genootskap ingedien word.

**15. WEIERING VAN AANSOEKE**

15.1 In die geval van nageslag van ‘n vroulike dier gedek deur verskillende manlike diere of geïnsemineer met semen van verskillende manlike diere minder as 21 dae uitmekaar, sal die Genootskap die Registrerende Owerheid versoek om aantekening of registrasie te weier tensy vaderskap bevestig word deur ‘n DNS-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode vir die bevestiging van ouerskap wat deur die Registrerende Owerheid aanvaarbaar is.

15.2 Die Genootskap mag die Registrerende Owerheid versoek om te weier om enige aansoeke van persone te aanvaar wie opsetlik valse, onvolledige of misleidende inligting verskaf het of wie versuim het om binne ‘n redelike tyd enige inligting of besonderhede wat dit sy plig was om te verstrek, te voorsien.

15.3 Wanneer ookal die Registrerende Owerheid geweier het om aansoeke van enige persoon te aanvaar, mag die Genootskap daarbenewens die Registrerende Owerheid versoek om enige of alle vorige inskrywings namens sodanige persoon in die Kuddeboek, te kanselleer.

15.4 Die Genootskap sal geen stappe ooreenkomstig Verordeninge 15.2 of 15.3 neem nie tot na ‘n ondersoek deur ‘n kommissie bestaande uit die President en/of Vise-President en twee ander lede aangestel deur die Raad, en in ooreenstemming met die aanbevelings van sodanige kommissie.

**16. INVOER EN UITVOER VAN DIERE, SEMEN EN EISELLE**

16.1 Aansoeke vir die in- en uitvoer van diere, semen en eiselle sal, ooreenkomstig die Wet, in duplikaat op die vorms, verkrygbaar by die Registrateur, by die Genootskap ingedien word tesame met die voorgeskrewe gelde. Die Genootskap sal een afskrif tesame met sy aanbeveling en die dokumente wat die besonderhede weergee waarna in Verordening 16.2 verwys word, aan die Registrateur en die Registrerende Owerheid stuur.

16.2 Die Raad sal minimum rasstandaarde en ander vereistes vir die invoer en uitvoer van diere, semen en eiselle ooreenkomstig Klousule 9(bb) van die Grondwet bepaal en geen sodanige invoer of uitvoer sal deur die Genootskap by die Registrateur aanbeveel word, tensy aan al die genoemde vereistes voldoen is nie.

16.3 Ingevoerde diere en diere verwek deur ingevoerde semen en eiselle wat aan die minimum vereistes waarna in Verordening 16.2 en die vereistes van die Grondwet voldoen verwys word, sal geskik wees vir aantekening of registrasie.

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

Goedgekeur op die Algemene Jaarvergadering, 7 Desember 2000 ;
Gewysig 11 Desember 2001 ; Gewysig 23 September 2002 ; Gewysig 12 Desember 2003 ;
Gewysig 30 Maart 2006 ; Gewysig 06 Julie 2007 ; Gewysig 23 Maart 2009 ; Gewysig 30 Maart 2010 ;
Gewysig 27 Maart 2012 ; Gewysig 16 Augustus 2013 ; Gewysig 19 Augustus 2016 ; Gewysig 11 Augustus 2017 ;
Gewysig 31 Augustus 2018 ; Gewysig 30 Augustus 2019 ; Gewysig 20 Augustus 2020 ;
Gewysig 03 September 2021 ; Gewysig 09 September 2022 ; Gewysig 08 September 2023 ;